**Skoolreëls**

**Afwesigheid**

- Leerders mag slegs weens siekte of om 'n ander goeie rede van skool afwesig wees.
- 'n Leerling wat afwesig was, moet op die eerste dag wat hy / sy weer die skool besoek, 'n brief van sy ouers bring waarin die rede van afwesigheid aangedui word. Die brief moet in die registerperiode aan die betrokke voogonderwyser gegee word.
- Ingeval van siekte wat langer as drie dae duur, moet die leerling 'n doktersertifikaat aan die voogonderwyser voorlê.

**Terrein verlaat tydens skoolure**

- Niemand mag sonder verlof die terrein verlaat nie, pouse ingesluit.
- 'n Leerling wat gedurende skooltyd die skoolterrein wil verlaat, moet gedurende voogperiode 'n brief van sy ouers waarin die rede verstrek word, na die graadvoog neem wat dan 'n inskrywing agter in dié jaarbeplanner maak.
- Hierna gaan die leerling na die sekretaresse in die algemene kantoor wat dit in 'n register aanteken.

**Besering en siekte gedurende skoolure**

- Indien 'n leerling gedurende skoolure beseer raak, of siek word, moet dit onmiddellik aan die graadvoog gerapporteer word
- Die graadvoog kantoorpersoneel sal die leerder se ouers skakel indien nodig.

**Skoolterrein en algemeen**

- Gedurende pouse word die leerders nie in klaskamers óf in die saal óf op die stoepe toegelaat sonder verlof van 'n onderwyser nie.
- Niemand mag gedurende skooltyd by die fietsloodse, motorfietse en motors kom nie. Elke leerder is mede-verantwoordelik om die klaskamers, kleedkamers, stoepe en terrein netjies en skoon te hou
- Die gebou, meubels en apparaat moet opgepas en met die nodige respek behandel word.
- Geen vorm van vandalisme word toegelaat nie.
- Elke leerling is self vir sy eiendom verantwoordelik.
- Indien ’n leerder een of ander artikel vind wat aan iemand anders behoort, moet dit by die kantoor ingegee word.
- Indien ’n leerder iets verloor het, kan hy daarvoor navraag doen by die kantoor.

**Skooldrag**

Die voorskrifte ten opsigte van kleredrag en haarstyl moet stiptelik nagekom word. Dit behoort 'n saak van eer vir elke leerder te wees.

**Laatkom**

- Leerders moet soggens betyds by die skool wees vir die opening – dit wil sê ten minste vyf minute voordat die klok lui.

**Aantree en verwisseking van klasse**

- As die klok lui aan die begin van die skooldag, moet leerlinge reeds in die vierkant aangetree wees of by sy voogklas op toetsdae.
- Voor skool en aan die begin van pouse moet leerlinge hulle tasse plaas waar hulle aantree vir die volgende klasse of by hulself hou gedurende pouse.

- Dit is die leerder se eie verantwoordelikheid om werk in te haal. Waar toetse gemis is, moet die leerder self reëlings tref met die vakonderwyser.

**Binne die klaskamer**

- Leerders moet onder alle omstandighede beleef wees teenoor mekaar en hul meerderes.
- Binne die klaskamers moet elke leerder sy uiterste bes doen om orde te handhaaf
- Leerders mag geen elektroniese speletjies, ensovoorts, saambring skool toe nie.
- Al hierdie reëls beoog die goeie orde en ’n gees van wellewendheid in ons skool!
- Mag dit ’n saak van eer vir elke leerder wees om sy deel daartoe by te dra.
- Innerlike dissipline moet die hoofdoel van elkeen wees.
- **Leerlinge moet alle papiertjies, ensovoort wat om hulle banke gemors is, optel en in die snippermandjie gooi wanneer hulle die klas verlaat.**
- Daar mag onder geen omstandighede op die meubels geskryf of gekrap word nie.
- Geen leerling mag tydens lesure buite 'n klaskamer wees sonder skriftelike verlof van die onderwyser nie.

**Op die terrein**

- Leerders moet nie laks wees in hulle houding of met hande in die broeksakke staan nie.
- Elke leerder is mede-verantwoordelik vir die netheid van die terrein.
- Geen leerder mag kougom kou nie.

**Tasse**

Slegs voorgeskrewe gewone skool-, seil- of leertasse met stewige afskortings word toegelaat.

**Rapporte**

- Daar word vier keer per jaar 'n rapport aan die ouers gestuur oor die vordering van die kind.
- Hierdie rapporte moet deur die ouers geteken word en dadelik terrugestuur word.

**Fietse en motorfietse**

- Geen leerder mag op die skoolterrein ry nie.
- Voor die ingange na die skool moet die leerder afklim en sy fiets instoot tot by die fietsloods.
- Na skool word die fiets weer gestoot tot by die hek.
- Ook in die namiddae en saans met funksies geld hierdie reël en ook dan moet fietse in die fietsloods geplaas word.
- Motorfietse mag slegs by die voorgeskrewe parkeerplek geparkeer word.
- Geen leerder mag sonder skriftelike toestemming ’n motorvoertuig op die terrein parkeer nie, bahalwe as daar met die hoof gereel is.

**Opening van die skool**

- Die skool begin dwarsdeur die jaar om 07:30.
- Leerders tree op Vrydae in die vierkant aan.Op Woensdae is daar graadopeninge vir die onderskei graadgroepe.
- Op Maandae, Dinsdae en Donderdae gaan leerders direk na hul voogklasse.

**Sluiting**

- Die skool sluit van Maandag tot Donderdag om 13:45 en op Vrydae om 13:15.
- Daar word in die middae met gebed afgesluit oor die interkom.

**Afkondigings**

Dit word in die vierkant gedoen en wanneer nodig, oor die interkom.

**Selfone**

Die skool moedig nie die gebruik van selfone by die skool aan nie, alhoewel ons besef dit is ’n nuttige hulpmiddel vir veiligheid en om reëlings met ouers te tref. Daarom geld die volgende reëlings:

- Geen selfoon mag gedurende klastyd gebruik word nie. Geen oproepe mag ontvang word nie.Selfone mag dus net voor skool, pouse en na skool aan wees.
- Leerders mag nie hul ouers skakel om hulle by die skool te kom haal nie -dit sal deur die graadvoogde en administratiewe kantoor hanteer word.
- Selfone is verbode in eksamenlokale.
- Indien bostaande reëls oortree word, sal dieselfoon afgeneem en na die skoolhoof toe geneem word vir optrede. Na die derde oortreding kan die skoolhoof 'n straf bepaal en sal die selfoon vir 'n tydperk van 5 skooldae in die skoolkluis gehou word.
- Indien 'n leerder 'n selfoon skool toe bring, word dit op eie risiko gedoen. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid indien dit wegraak, gesteel of beskadig word nie.

**Buitemuurse bedrywighede**

- Leerlinge moet in oorleg met hulle ouers besluit aan watter bedrywighede hulle wil deelneem.
- Daar word verwag dat elke leerder aan een somer- en aan een wintersport sal deelneem.
- Daar word verwag dat leerders aan ten minste een kulturele bedrywigheid sal deelneem.
- Kleure en ere-kleure word jaarliks toegeken aan die verdienstelikste deelnemers.
- Slegs leerders van Hoërskool Zwartkop mag die jeugaande (sokkies) bywoon.

**Oueraande**

Elke jaar word ouers die geleentheid gebied om gedurende twee aande na die skool te kom om nader kennis te maak met die hoof en die personeel. Sake rakende hulle kinders kan by hierdie geleentheid openhartig bespreek word.

**Huiswerk**

- Hier kry die leerder die geleentheid om te leer om selfstandig te werk.
- Dit is nie beperk tot skriftelike werk nie. Studie- en leerwerk is net so belangrik.
- 'n Pligsgetroue leerder sal nooit kan beweer dat hy geen huiswerk het nie. Werk wat in die klas gedoen is, moet by die huis oorgegaan word om seker te maak dat die leerder dit verstaan en ken.
- Werk wat in die klas gedoen is, moet by die huis oorgegaan word om seker te maak dat die leerling dit verstaan en ken.
- Alle huiswerk moet ingeskryf word in die verskafte dagboekie.
- Leerlinge word aangeraai om wyer te lees as hul handboeke. Hier speel die mediasentrum 'n vername rol.

**Voorligting**

Tussen die huis en die skool is die nouste samewerking van die allergrootste belang. By die skool tree die onderwyser op as voog en bou voort op die fondament wat in die huis gelê word. In die eerste plek hou die klasvoog 'n wakende oog oor die leerlinge van sy klas. In die tweede plek is daar 'n graadvoog wat aangestel is oor 'n graad. Hy hou die vordering en gedrag van al die klasse en individuele leerlinge van 'n graad dop.

Die voogonderwyser behou dikwels dieselfde groep leerlinge dwarsdeur hul hoërskoolloopbaan sodat hy / sy hulle goed kan leer ken.

**Busse**

- Reëls moet streng nagekom word.
- Verontagsaming van die reëls en enige wangedrag sal veroorsaak dat die leerling nie meer van busvervoer mag gebruik maak nie.

**Handboeke**
Handboeke en ander skryfbenodighede word deur die leerders by die boekwinkel op die skoolterrein aangekoop.

**Voogstelsel**
Tussen die huis en die skool is die nouste samewerking van die allergrootste belang. By die skool tree die onderwyser op as voog en bou voort op die fondament wat in die huis gelê word. In die eerste plek hou die klasvoog 'n wakende oog oor die leerders van sy klas. In die tweede plek is daar 'n graadvoog wat aangestel is oor 'n graad. Hy hou die vordering en gedrag van al die klasse en individuele leerders van 'n graad dop. Tussen hom en die klasvoog is daar die nouste samewerking. Die voogonderwyser behou dikwels dieselfde groep leerders dwarsdeur hul hoërskoolloopbaan sodat hy hulle goed kan leer ken.

**Algemeen**
Oortredings soos diefstal en vandalisme word in so ’n ernstige lig gesien dat oortreders geskors sal word. Geen leerder mag hoegenaamd op die skoolterrein of selfs na ure in skooldrag rook nie.

**Huise**
Die skool is verdeel in graadgroepe. Elke graadgroep het 'n leier en elke leerder en onderwyser word ingedeel in 'n graadgroep. Elke graadgroep het sy eie liedjies, kreet, wapen en kleure.

**Skoolgeld**
Die skoolgeld, betaalbaar deur ouers, word jaarliks op ’n ouervergadering bepaal. Daar is besluit dat die bedrag betaalbaar oor elf maande versprei word. Geen skoolgeld word dus in Desember betaal nie.

**Beursskema**
Daar is ’n beursskema in werking waarvolgens presteerders op akademies-, leierskap-, kultuur- en sportterrein beurse kan ontvang. Hierdie beurse is beskikbaar vir sowel ingeskrewe leerders as nuwe gr 8-leerders op grond van prestasies in graad 7. Inligting is by die skool beskikbaar.

**Sluitkassies**
'n Aantal sluitkassies is beskikbaar en kan deur die leerders gehuur word. Leerders mag slegs voor skool, tydens pouse of na skool items in die sluitkassies plaas of daaruit haal. Geen waardevolle, items mag na ure in die sluitkassies gelaat word nie. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir diefstal uit sluitkassies nie.

**Toekennings**
Toekennings word jaarliks gemaak en nie noodwendig aan die einde van die jaar nie. Dit kan gemaak word direk na afhandeling van 'n aktiwiteit. Om in aanmerking te kom, moet leerders se gedrag en gesindheid binne en buite die skool onberispelik wees. Slegs die hoogste toekenning word gemaak. Ander verdienstelike gevalle word vir oorweging voorgelê aan 'n komitee bestaande uit die hoof, adjunkhoofde, departementshoofde en organiseerder van die bepaalde aktiwiteit. ’n Aantal interne merietebeurse word jaarliks toegeken aan ingeskrewe leerders van die skool as beloning vir besondere prestasies op Akademiese-, Sport- en Kultuurgebied. Verdere besonderhede is by die skool beskikbaar.

**Kleure en erekleure**
'n Leerder kan Kleure en Erekleure verwerf. KLEURE: Die gewone skoolwapen word gedra. Die leerder ontvang 'n “Balkie” wat aandui waarvoor kleure ontvang is. EREKLEURE: 'n Spesiale skoolwapen met Lourierkrans. Kleure en erekleure kan ook vir nie-skool aktiwiteite toegeken word. Die konstitusie vir die toekenning van kleure en ere-kleure is op aanvraag beskikbaar, en word ook in die dagbeplanner ingesluit.

**Jaarbeplanningsboek**
Alle leerders word aan die begin van die jaar van Hoërskool Zwartkop se jaarbeplanningsboekie voorsien. Dit is 'n dagboek waarin alle inligting (toetsdatums, eksamens, sportbyeenkomste, ens.) verskyn. Die boek word ook as 'n huiswerkboek gebruik.

**Skoolgrense**
Skoolgrense is nie meer van toepassing nie. Enige leerder kan dus, onderhewig aan die toelatingsvereistes, aansoek doen om tot die skool toegelaat te word. Hoërskool Zwartkop is die enigste hoërskool in Centurion wat benewens die ander studierigtings, ook ’n volledige Tegno-akademiese studierigting aanbied.